2018 - HSH GOVERNING BODY REPORT

OPENING

1. Master of Ceremonies, The School Principal Mr. Wehan Fourie, Members of the School Governing Body, Guests, Teachers, Personnel, Parents and Learners.

2. It is a great honour for me to present the School Governing Body report to you on the activities of 2018 to date.

3. In March this year Public Schools in South Africa were required to elect new members for their School Governing Bodies. HSH invited all parents who are passionate about this school and our learners to make themselves available. The response was overwhelming. Unfortunately, we could only elect 7 parents to serve on the Governing Body.

4. Ek is baie bly om te kan sê dat die nuwe Beheerliggaam vir HSH weereens saamgestel is uit ouers wat die belange van die skool (insluitend dié van elke leerder) hoog op hulle agenda plaas. Die ure wat hierdie ouers opoffer aan vergaderings by die skool, wat insluit onderhoude, dissiplinêre verhore, beplanningsessies (wat soms oor naweke en weeksaande tot laat geskied) moet genoem word. Die afstande wat gereeld gery word (op eie onkoste) en die familietyd wat in beslag geneem word gaan nie ongesiens verby nie. Ek wil dan nou graag die Beheerliggaam hartlik bedank vir hierdie enorme opoffering.

5. Dames en Here, ek meld dan nou graag wie die lede van die Beheerliggam is en doen dit dan ook aan die hand van die portefieuljes waaroor hulle aangestel is:

    5.1 Wynand van Dyk
        - Beheerliggaam Ondervoorsitter;
        - Kwaliteitbeheer; en
        - Voorsitter van Klub 160+

5.2 Dennis van der Merwe

- Tessourier; en
- Voorsitter van die Finansiële Komitee

5.3 Ansunette Griessel

- Sekretaresse

5.4 Jaco Slabber

- Skoolgrond;
- Swembad;
- Sportterrein; en
- Voorsitter van ons Estetiese Komitee

5.5 Marilize van der Linde

- Koshuise;
- Sport Klerasie; en
- “Branding”

5.6 Suanne Burger

- Vrystellings; en
- Uitvoering van die Finansiële Beleid

5.7 Wehan Fourie

- Vlootbestuur

5.8 Jacques Rossouw

- Gedragskode

5.9 Elna van der Westhuizen

- Ondersteunend tot:
  - Sportklerasie;
  - “Branding”; asook
  - OOV

5.10 Anneke Basson

- Bemarking

6. Dames en Here, ek wil u die versekering gee dat HSH onder baie goeie bestuur is. Die Beheerliggaam en die skool se Leierspan is ‘n baie gedugte span met een baie belangrike doel voor oë en dit is om van ‘n baie goeie HSH ‘n uitstekende HSH te maak.
   Ons is trots op elkeen van ons sterk punte, maar is beslis nie blind vir ons swak punte nie. Geleenthede en bedreigings word ook deelglik oorweeg en bestuur. Ons het ‘n goeie strategiese plan in plek om elkeen van hierdie aspekte op Kort-, Medium- of Langtermyn aan te spreek.

7. One of our current biggest threats however, is our school’s Debtors Management. This we do also see as an Opportunity. On recommendation from our Auditors “Reko Rekenmeesters”, the Governing Body has decided to increase the headcount in our Financial Office to two fulltime employees. As a result, I am happy to announce that as from October 2018, Suanne Burger will be joining Liza Pretorius in our Financial Office with Debtors Management as her main focus.

HUMAN RESOURCES

8. HSH currently has **37** educators presenting a total number of **17** subjects at our school. **21** of these educators are employed by the WCED. **16** educators are employed by you, our parents.

9. Without our financial contributions (as parents), our children will simply not have the luxury of the variety of subjects to select from as they currently have at HSH. The same applies to sport. Without these additional educators on the Governing Body payroll, our children might not even have the privilege of participating in sports the way they currently do at HSH.

10. It is important to understand that the successes achieved at HSH (which we are also celebrating here this evening) are largely dependent on opportunities we as parents help to create. We do that by means of paying our school fees, supporting fundraisers, making donations, offering our good will, sharing our knowledge and in many instances also our resources.

    We all share a common goal in that we want to create the best possible opportunities for our children to excel in. We want to prepare them for a profession one day and we want to set them up for success.

FINANCIAL RESOURCES

11. HSH bestuur hierdie jaar (2018) 'n bedryfsbegroting van **R10,389,349.00**. Hierdie bedrag sluit nie die salarisse van die **21** WKOD poste in nie.

12. Die WKOD se bydrae tot ons bedryfsbegroting die afgelope aantal jare is as volg:
    - 2015 – **4.5%**
    - 2016 – **3.8%**
    - 2017 – **3.5%**
    - 2018 – **3.0% (verwagting)**

13. Ek dink ons kan almal sien waarheen dit oppad is. HSH is nie uniek in hierdie situasie nie, alle Publieke Skole sit in dieselfde panarie. Hoofpynpille gaan ongelukkig nie hierdie probleem van ons af wegneem nie. Ouers sal toenemend die

hand al dieper in die sak moet steek om skole (in ons geval vir HSH) te ondersteun as ons gehalte opleiding, geriewe en geleenthede aan ons kinders wil bly verseker. Alexandre Dumas het in sy boek “The Three Musketeers” in 1844 opgekom met die slagspreuk: “All for one and one for all…”. Ek dink dis juis nou baie van toepassing.

14. Die Beheerliggaam het vir die 2018 finansiële jaar **R1,600,000.00** begroot vir Vrystellings. Die werklike Vrystellings vir hierdie jaar is **R2,053,640.00**. Dit is baie kommerwekkend. Wat egter ook in dieselfde asem genoem moet word is die enorme gesindheid van ons ouers. In 2015 het HSH ‘n nie-afdwingbare Resolusie aanvaar, waarby ouers wat kwalifiseer vir Vrystelling gevra word om ‘n vrywillige byrae van **R250.00** per maand te maak. Hierdie Resolusie is in geen mate afdwingbaar nie en geheel en al vrywillig. Heelwat van ons ouers het hierdie inisiatief aangegryp en gekies om wel hierdie bydrae te maak. Ek kan met groot waardering teenoor hierdie ouers rapporteer dat:
    - In 2016 hierdie bydrae ‘n bedrag van **R54,547.70** opgelewer het; en
    - In 2017 was die bedrag **R83,439.93**.

    Hierdie bedrae maak ‘n groot verskil op ons begroting. Ek vertrou dat nog heelwat van ons ouers op hierdie manier ook hulle bydra sal maak.

15. Neem asb kennis dat die begroting vir 2019 môre-aand (Donderdag 18 Oktober 2018) deur ons Tesourier, Dennis van der Merwe hier by die skool in die biblioteek voorgelê sal word aan al ons ouers vir aanvaarding. Ek wil ‘n ernstige beroep doen op elke HSH ouer om hierdie baie belangrike vergadering môre by te woon.

16. HSH is wyd bekend (binne en buite ons gemeenskap) vir die goeie dissipline wat ons handhaaf, en ons is baie trots daarop. Die wyse waarop ons as Beheerliggaam die skool se Gedragskode toepas is met absolute deursigtigheid, konsekwentheid, regverdigheid en altyd met respek.

Ons sal altyd ‘n baie ferm hand hou op die bestuur van ons dissipline, want dit skep ‘n veilige omgewing vir beide ons personeel en ons leerders. Dit gee ook aan u ons ouers gemoedsrus.

17. HSH se naam loop hom vêr vooruit. Leerders van alle die uithoeke oor die Weskus staan in ‘n lang ry om hier plek te kry. Vir 2018 alleen moes ons **246** leerders wegwys. Ons kon slegs **109** van die **355** aansoeke akkomodeer. HSH is nou eenmaal ‘n gesogte skool en ongetwyfeld die skool van voorkeur aan die Weskus.

PROJEKTE

18. HSH het in 2018 weereens ‘n aantal projekte aangepak soos gelys op ons Dolf van Hansen Doelwittelys. Projekte wat suksesvol afgehandel is, sluit die volgende in:

Sports fields

18.1 We sunk a much-needed borehole, which was funded by the proceeds of the 2018 “kaskardag”;

18.2 We upgraded our cricket pitch;

18.3 We purchased additional goalboxes for hockey; and

18.4 Installed a security gate at our ticketing office.

18.5 Some of you might have noticed the enormity of the landscaping operation at the rugby field. The amount of work and resources that went into this project is just beyond belief. Gideon Melck Baie dankie vir jou groot hart vir HSH.

Swimming Pool

18.6 We installed covers (and a roller system for the covers) to reduce evaporation;

18.7 We had to replace the entire pipe network between the swimming pool and the pump to repair a water leak and to improve circulation in the pool; and

18.8 We replaced the paving;

School

18.9 We upgraded the school camera system;

18.10 We built one additional classroom;

18.11 We erected an electronic noticeboard at the corner of our school premises;

18.12 We laid paving at the Foundation Phase classes;

18.13 We painted classrooms;

18.14 We installed blinds in classrooms;

18.15 We installed data projectors in classrooms;

18.16 We cleaned all the gutters at the school, the school hall and at pre-primary;

18.17 We purchased new sound equipment for the school hall;

18.18 We installed new curtains in the school hall;

18.19 We purchased new benches for the school playground;

18.20 We installed burglar bars at the staff room;

18.21 We installed electronic access at the gates to the school premises; and

18.22 We replaced fluorescent lights in 4 class rooms as well as the staff room.

Hostels

18.23 We completed the phase 2 replacement of window frames at “Huis Walters” with aluminum frames;

18.24 We upgraded the “Huis Walters” study hall;

18.25 We painted all internal walls at “Huis Walters”.

18.26 We installed a gym for the school;

18.27 We renovated a guest room at “Huis Eureka”; and

18.28 We improved security at Huis Eureka.

Other

18.29 We purchased “Bokkie”, our school mascot; and

18.30 We purchased two HSH branded gazebo’s of which one is dedicated for First Aid.

19. Die volgende groot verandering is ook na deeglike ondersoek en oorweging deur die Beheerliggaam goedgekeur en ons is baie opgewonde hieroor:

- Vanaf 1 Januarie 2019 sal FEEDEM (‘n baie bekende spysenieringsmaatskappy in die skole-omgewing) die bestuur van die kombuis asook die skoonmaakdienste by beide koshuise op kontrak-basis behartig.
- Hoofmaaltye sal gevolglik nie meer by Huis Walters voorberei of bedien word nie. Slegs ontbyte en peuselhappies (“snacks”).
- Alle hoofmaaltye sal voortaan in Huis Eureka voorberei en bedien word, vir die seuns sowel as dogters. (As daar nou ‘n seun langs jou sit met ‘n groot glimlag op sy gesig, is hy waarskynlik ‘n koshuisleerder en is sy gebede so pas beantwoord… □)
- Die kombuis by Huis Eureka gaan opgegradeer word en stelselmatig toegerus word met meer moderne toerusting wat ‘n opdienpunt insluit.
- Hierdie besluit hou groot voordele in vir ons koshuis sisteem en skep ook vir ons nuwe geleenthede.

GELUKWENSE

Ter afsluiting:

20. Aan al die leerders wat vanaand toekennings ontvang, ons is waarlik baie trots op julle. Veels geluk! Vir dié wat hul eie beste prestasies bereik het op akademiese, sport en/of kulturele vlak waarvoor daar nie vanaand toekennings gegee word nie, vir julle ook baie geluk! Hou aan met julle harde werk. Jy sal die vrug pluk daarvan. Moet nooit opgee nie!

21. Aan die VRL van 2018 wat vanaand die tuig neerlê, baie dankie vir jul bydrae en die verskil wat julle gemaak het. Aan die VRL wat later vanaand aangewys gaan word, byvoorbaat (namens die Beheerliggaam) veels geluk en baie stekte.

22. Aan ons Graad 12 leerders. Hierdie is julle laaste prysuitdeling. Aan die klas van 2018, julle het verseker julle merk gemaak by HSH. Julle los vir ons met baie mooi herhinneringe. Ons beste wense vergesel julle. Sterkte met julle laaste

skooleksamen. Hou goeie moed, bly kalm en leer hard. Aan die wêreld daar buite… skuif bietjie op, maak reg, want die HSH Klas van 2018 is oppad.

23. Aan ons onderwysers, ondersteunende- en administratiewe personeel, ‘n enorme groot dankie!

    Die lang ure en harde werk wat julle insit met akademie, sport, kultuur, om ons kinders voor te berei vir ‘n onafhanklike lewe na skool, gaan nie ongesiens verby nie. Ons het werklik groot waardering daarvoor.

    Ek wil graag vir Freddie Pretorius en sy span ook uitsonder en dankie sê vir die enorme goeie werk wat hulle doen met die bestuur van ons skool se terrein en geriewe. Ons het werklik groot waardering vir julle!

24. Aan ons borge, ‘n enorme groot dankie! Ons as Beheerliggaam het werlik groot waardering vir die bydrae wat julle maak tot die sukses van ons skool. Ek wil elkeen van u vanaand hier uitdaag om bietjie op te let na watter besighede betrokke is by HSH. Kyk bietjie na die borge op ons sportklere. Gaan kyk bietjie watter logo’s op ons HSH webtuiste verskyn. Wanneer u weer winkels toe gaan, ‘n diens moet inhuur of ‘n produk moet aankoop, kom ons almal ondersteun HSH se borge!

25. Aan ons Drie-enige God, baie dankie vir U leiding en U genade die afgelope jaar. Ek wil ook vir my vrou Laetitia, vir Carla en vir Ian baie dankie sê vir hulle opoffering, om my die geleentheid te gee om op hierdie manier betrokke te wees by HSH.

26. Mag die Here u ryklik seën.

27. Baie dankie.